**Die geskiedenis van die aflaatstryd soos deur Luther self beskryf in die voorwoord van die publikasie van ’n eerste versameling van sy geskrifte.**

Vorrede zum ersten Band der Wittenberger Ausgabe der Lateinischen Schriften Luthers 1545 (Voorwoord in die eerste deel van die Wittenbergse uitgawe van die Latynse geskrifte van Martin Luther 1545).[1]

“Martin Luther groet die godsdienstige leser

Ek het heftig en lank teengestribbel teen die mense wat my boeke, of beter gestel, my nagtelike deurmekaar geskrywery, wou heruitgee. Aan die een kant wou ek nie hê dat die skryfwerk van vroeëre skrywers deur my nuwighede vervang word en dit die leser daarvan weerhou om daardie skrywers te lees nie. Aan die anderkant is daar nou deur God se genade baie sistematies geordende boeke beskikbaar waarvan die Loci communes van Phillip Melancton die mees uitstaande is.

Deur hierdie werk kan ’n teoloog en predikant voortreflik en oorvloedig opgebou word om toegerus te wees om die vroomheidsleer (*godsdiensleer*) te preek, veral ook nou dat die Heilige Skrif selfs amper in elke taal beskikbaar is.

My boeke is egter, soos wat dinge wat gebeur die gebrek aan orde meebring, ja ordeloosheid afdwing, net so ’n regte woeste en ongeordende chaos. Om dit selfs nou nog te orden is nie vir my maklik nie.

Hierdie oorwegings laat my wens dat al my boeke eerder vir altyd vergete en begrawe sou wees om vir beter boeke plek te maak. Tog het ander mense my met hulle beswaarloosheid en opdringerige hardkoppigheid lastig geval: dit sal daarop uitloop dat wanneer ek nie in my eie leeftyd die heruitgawe toelaat nie, dit nogtans na my dood verseker deur diegene heruitgegee sal word wat hoegenaamd niks meer van die oorsake en die verloop van die gebeure weet nie, en so sal uit een verwarring daar maar net baie meer verwarring wees.(*het hulle gesê*)

Hulle beswaarloosheid (*oor die ongeordenheid*) het gewen en ek het die heruitgawe toegelaat. Die wil en bevel van ons verhewe vors Johan Frederik, Keurvors e.a. het ter selfde tyd hiermee saamgeval. Dit was hy wat die drukkers opdrag gegee het, ja hulle letterlik nie net gedwing het om die uitgawe te druk nie, maar selfs om die herdruk te bespoedig.

Ek versoek tog veral vir die goedgesinde leser – en ek bid dit ter wille van ons Here Jesus Christus – om dit met begrip, ja, met baie geduld te lees. En die leser moet bewus wees dat ek eers ’n monnik en uiters fanatieke pousgesinde was toe ek hierdie saak aangepak het. Ek was so dronk van die pouslike leerstellings gewees, ja ek was so in hulle versuip, dat ek, sou ek dit kon doen, sonder aarseling bereid sou gewees het om almal wat die pous net ’n bietjie teengaan, dood te maak of om met diegene wat hulle doodmaak saam te werk en hulle te verplig om dit te doen.

---

[1] Äusgewählte Schriften” van Karin Bornkamm en Gerhard Ebeling, bl. 3-11.

Ek was op dieselfde wyse ŉ Saulus, soos wat daar tot vandag toe nog baie mense soos ŉ Saulus is. Ek was nie so ysig as persoon in die verdediging van die pousdom soos Eck gewees nie, wat ek dink die pous eerder ter wille van sy eetlus verdedig het, as wat hy die saak ernstig aangevoer het, ja, dit lyk vir my steeds vandag asof hulle oor die pous eintlik lag, ja, soos mense wat net op genot ingesteld is. Ek het die saak (*die Rooms Katolieke geloof*) met erns bedryf as iemand wat die oordeelsdag met ontsteltenis gevrees het en tog van harte gewens het om gered te wees.

So sal u in my vroegste geskrifte ontdek, hoeveel ontsag ek die pous deemoedig betoon het, wat ek toe later en nou nog steeds sien as die hoogste vorm van godslastering en ŉ gruwel en dit verwens. U sal ook, goedgesinde leser, hierdie dwaling, of soos hulle lasterlik sê: hierdie teenstrydigheid, aan die tydstip (*waarin dit geskryf is*) en my onervarenheid moet toeskryf.

Ek was in die begin heeltemal alleen gewees en was vir die aanvoer van so ŉ groot strydsaak sonder twyfel baie ongeskik en nie geleerd genoeg gewees nie. Ek het toevallig by hierdie gewoel betrokke geraak, nie omdat ek dit wou nie of met opset nie. Hiervoor roep ek God self as getuie aan.

Nou toe dan, toe daar in 1517 in hierdie omgewing aflaat verkoop word – ek bedoel verkondig word, ter wille van skandelike geldmakery, was ek predikant, en soos ŉ mens sê, ŉ jóng doktor in teologie. Ek het begin om mense af te raai om aflate te koop en om hulle te keer om na die geskree van aflaatpredikers te luister. Ek het gedink dat ek seker kon wees dat ek hierin die pous as my beskermheer het, op wie se betroubaarheid ek toe nog heeltemal gesteun het. Hy veroordeel tog helder en duidelik in sy afkondiging die onbeheersheid van sy belastinginvorderaar soos wat hy die aflaatprediker noem!

Ek het gou twee briewe geskryf. Een aan die aardsbiskop in Mainz, wat die helfte van die aflaatgeld gekry het, dat die pous die ander helfte gekry het, het ek nie toe geweet nie. Die ander brief het ek aan my plaaslike Ordinarius, soos mens dit genoem het, geskryf, dit is die plaaslike biskop Hieronimus van Brandenburg. Ek het versoek dat hulle die skaamtelose en godslasterlike bedrywe van die belastingsinvorderaars moet vasvat.

Maar die arme monnikbroeder het net minagting gekry. Ek het, nadat ek geen reaksie waardig geag is nie, ŉ debatskennisgewing uitgegee en ter selfde tyd ŉ preek oor aflate gelewer en gou daarna ook verduidelikings daaroor. Hiermee wou ek tot eer van die pous nie daarna strewe om die aflate te verwerp nie, maar dat goeie werke en die liefde voorkeur kry bo aflate.

Dit het egter gemaak dat die hemel in mekaar val en die wêreld in vlamme opgaan. Ek is by die pous aangekla, ŉ dagvaarding na Rome is op my bedien en die ganse pousdom het teen my as en enkele mens opgestaan.

Hierdie dinge het in die jaar 1518 gebeur terwyl Maximilaan se ryksdag te Augsburg gehou was, waartydens kardinaal Kajetan as afgevaardigde namens die pous bedrywing was. Die verhewe hertog van Sakse, Frederik, keurvors, het hom oor my saak genader en dit deur gekry dat ek nie gedwing sou word om na Rome te gaan

nie. Hy sou my eerder oproep, my aangeleentheid ondersoek en bylê. Die Ryksdag het gou daarna verdaag.

Intussen, omdat al die Duitsers moeg was om die leeg plundering, die gekwanselary en die ontelbare bedrieëry van die Roomse grootdoenerigheid te verdra, het hulle met gespanne aandag gewag op die uitkoms van so ŉ gewigtige aangeleentheid wat nie óf ŉ biskop óf ŉ teoloog nog van tevore gewaag het om aan te roer nie. En trouens, die volkstemming het my ten goede gekom omdat elke skelmstreek en die tipiese Roomse woelinge waarmee hulle die ganse wêreldrond tot vervelens toe vervul het, van nou af aan deur almal gehaat was.

Op hierdie wyse het ek te voet en as ŉ arm man na Augsburg gekom, voorsien met reisgeld en aanbevelingsbriewe van vors Frederik aan die raad en party voortreflike manne. Ek het myself daar drie dae besig gehou voor ek na die kardinaal toe gegaan het.

Want daardie opregte manne het my gekeer en my ten sterkste afgeraai om nie sonder die versekerde begeleidingsbelofte van die keiser na die kardinaal toe te gaan nie, alhoewel hy my elke dag deur ŉ tussenganger uitgenooi het. Dit het vir my regtig hinderlik geword: Ek moes net (alles) herroep dan sou alles weer in orde gewees het. Egter, solank as wat die onreg aanhou, solank hou die jakkalsdraaie ook aan.

Die derde dag kom hy toe uiteindelik en verwag ŉ antwoord daaroor waarom ek nie na die kardinaal toe gaan wat my goedgunstiglik verwag nie. Ek het geantwoord dat ek die voorstelle van edele manne volg, wat deur keiser Frederik by my aanbeveel is. Hulle raad was egter ek moes op geen manier sonder die beskerming van die keiser of sonder die amptelike begeleidingsbelofte na die kardinaal toe gaan nie. Wanneer dit gewaarborg sou wees – hulle het met die keiserlike raad onderhandel om dit te verkry – sou ek dadelik kom. Hy het kwaad terug geantwoord: “Wat sê jy? Bedoel jy werklik vors Frederik sal om jou ontwil na die wapen gryp”? Ek het gesê: “Dit wil ek glad nie hê nie”? Hy sê toe: “En waar sal jy dan bly?” Ek het geantwoord: “ Onder die blou hemel” Daarop stel hy: “Wanneer jy die pous en die kardinale in jou mag sou hê, wat sal jy dan doen? “Ek sou hulle” het ek gesê “alle eerbied en eer bewys” Daarop het daardie man toe, nadat hy op die Italiaanse manier vir my ŉ beledigende vinger gewys het, gesê: “Ag gaan weg en moet nooit weer terugkom nie.”!

Op dieselfde dag het die keiserlike raad die kardinaal meegedeel dat die keiserlike beskerming of vrye begeleiding aan my toegestaan is, en het die vermaning bygevoeg om nie te hard teen my op te tree nie. Hy sou geantwoord het: “Dit is goed, ek sal egter nogtans optree volgens my aanstelling.” Dit was die begin van hierdie storm. Die res van die gebeure is te sien uit die volgende publikasie.

Maximilaan het in die volgende jaar, 1519, gesterf en volgens die ryksreg is Hertog Frederik as waarnemende keiser aangestel. Die storm het daarom vir ŉ kort tyd opgehou woed, maar stadigaan het die minagting vir die ekskommunikasie, dit beteken die pouslike banvloek, die vors aangegryp.

Want toe Eck en Carraciola uit Rome die pouslike bul wat Luther veroordeel oorgebring het en bekendgestel het, daardie een hier en die ander een daar by keurvors Frederik, wat toe juis in Köln was om saam met die ander vorste die jong verkose keiser Karel te ontvang, was die keurvors uiters verontwaardig en het daardie Roomse grootmond onverskrokke en onbuigsaam verwyt: gedurende sy afwesigheid het hulle al twee, hy en Eck, die regeringsgebied van sy broer Johan en sy eie in onrus gedompel. En hy het hulle so afgejak dat hulle met skaamte en in skande van hom weg is.

Want die vors, wat met ʼn ongelooflike skerp verstand begaafd is, het die skelmstreek van die Roomse amptenary deurgekyk en het geweet hoe om die menere gepas te behandel. Hy het ʼn uiterse fyn aanvoeling daarvoor gehad en kon die onraad baie beter en veel verder vermoed as wat die Rooms Katolieke dit kon verwag of besorg oor kon wees.

Daarom het hulle heeltemal daarvan afgesien om dit met hom te probeer. Want ook die sogenaamde “goue roos” (ʼn spesiale pouslike toekenning vir diens deur vorste aan die kerk) wat deur Leo die tiende aan hom in die selfde jaar gestuur is, het hy geen verdere waarde aan geheg nie, ja hy het dit selfs bespotlik gemaak, sodat die Rooms Katolieke hulle self gedwing gevoel het om hulle pogings om so ʼn vors te mislei as tevergeefs op gegee het.

En onder die beskerming van hierdie vors het die Evangelie ʼn goeie toekoms gekry en verder uitgebrei. Sy aansien het baie mense beïnvloed. Dit is net by hatige mense wat so ʼn wyse en heldersiende vors verdag gemaak kon word as sou hy kettery of ketters koester en beskerm. Dit het die vir die pousdom groot skade veroorsaak.

In dieselfde jaar het die debat in Leipzig plaasgevind waartoe Eck vir beide my en Karlstadt uitgedaag het. Tog kon ek nie deur een van my briewe ʼn begeleidingsonderneming van Hertog Georg bewerkstellig nie sodat en nie om te debatteer nie, maar slegs as toeskouer onder die toegestande begeleiding van Karlstadt na Leipzig kon gaan. Wie die debatsgeleentheid vir my verydel het, weet ek nie. Want toe was Hertog Georg my nog nie vyandiggesind nie. Dit weet ek verseker.

Hier het Eck my in die herberg kom opsoek en gesê hy het gehoor ek weier om debat te voer. Ek het geantwoord: “Hoe sal af kan debatteer wanneer ek geen geleide van hertog Georg kan bekom nie”? Daarop het hy gereageer: “ As ek nie met jou mag debatteer nie, wil ek ook nie met Karlstadt debatteer nie, want dit is oor jou dat ek hierheen gekom het. Wat sal gebeur as ek vir jou vrye geleide bewerk? Sal jy dan met my debatteer?” “Kry dit” het ek gesê “en dit sal gebeur”. Toe het hy weggegaan en gou daarna is ook aan my vrye geleide verseker en het dit vir moontlik gemaak om te debatteer.

Ek het dit gedoen omdat hy al klaar sy oorwinning verseker gesien het as gevolg van my stellings waar ek dit bestry het dat die pous volgens goddelike reg die hoof van die kerk sou wees. Hier het vir hom ʼn wye terrein oopgegaan en die beste geleentheid geskep om die pous met sukses te vlei en sy guns te wen en my terselfde tyd met haat en argwaan te oorlaai. Dit het hy ook doelbewus dwarsdeur

die hele debat gedoen terwyl hy nie sy eie stellings bewys het of myne weerlê het nie sodat selfs hertog Georg tydens ŉ onbyt saam met Eck en my gesê het: "Of hy nou volgens menslike of goddelike reg die pous is, hy is tog die pous." Hy sou nie hierdie uitspraak gemaak het as hy nie deur die argumente beïndruk sou gewees het nie, maar net Eck alleen sou tereg gegee het nie.

Kyk nou net hier in my geval in besonder hoe moeilik dit is om jouself uit dwalinge los te wikkel en te bevry wat deur die voorbeeld van die hele wêreld vasgelê is en wat deur ou gebruik as 't ware in ŉ geaardheid verander is. Hoe waar is tog die spreukwoord wat sê: "Om ŉ gewoonte te verander is swaar". En "Gewoontes is ons tweede natuur" En hoe waar sê Augustinus dit nie: "Gewoonte word dwang as ŉ mens dit nie teenstaan nie" Wat my aan betref het ek al toe intussen sewe jaar lank die heilige Skrif persoonlike en amptelik met aandagtigheid gelees en geleer sodat ek amper alles kon memoriseer.

Verder het ek ook die beginsels oor die kennis van Christus en van die geloof uit die Skrif gevind naamlik dat ons nie deur Werke nie, maar deur die geloof in Christus geregverdig en salig word. En skielik verdedig ek dit waarvan ons nou praat: dat die pous nie volgens goddelike reg die hoof van die kerk is nie, in die openbaar. Tog het ek nie die gevolgtrekking wat daaruit volg raakgesien nie: naamlik dat die pous dan noodwendig van die duiwel is. Dit wat nie van God kom nie, dit moet van die duiwel wees.

Omdat ek self so meegevoer was, soos reeds gesê is, deur die voorbeeld en die hoë aansien van die heilige kerk, as ook deur my eie gewoonte, het ek vir die pous ŉ menslike reg vergun wat as dit tog nie deur goddelike gesag begrond is nie, ŉ leuen en ŉ werktuig van die duiwel is. Want ons luister na ouers en ampsdraers, nie omdat hulle uit hulle self ons beveel nie, maar omdat dit die wil van God is. 1 Pet.2:13.

Dit is hoekom ek met taamlike gelatenheid die mense kan verduur wat nog steeds hardnekkig die pousdom aanhang, veral hulle wat nog nie heilige Skrif of mense se boeke daaroor gelees het nie, omdat ek tog self oor soveel jare die heilige Skrif so deeglik bestudeer het en ten spyte daarvan nog so hardnekkig die pousdom aangehang het.

In die jaar 1519 het Leo die tiende, soos gesê is, die goue roos deur Karel von Miltitz oorgebring, wat baie met my onderhandel het sodat ek my weer met die pous sou versoen. Hy het sewentig pouslike plakkate by hom gehad om, indien vors Frederik my aan hom sou uitlewer, wat die pous deur die Roos probeer bereik het, in elke stad een daarvan sou opgesit gewees het om my so verseker na Rome te kon gebring het.

Hier teenoor het hy tog sy vertroulike menings aan my meegedeel waardeur hy vir my gesê het: "Ag, Martin, ek het gedink jy is een of ander stokou teoloog wat so by die stoof sit en met homself redeneer. Maar nou sien ek, dat jou nog in die fleur van jou lewe en nog met jou volle krag is. Al sou ek 25,000 bewapendes gehad het, sou ek my nog steeds nie in staat geag het om jou na Rome te kon bring nie. Het ek tog met my hele reis na die opvatting van die mense navraag gedoen waarvan hulle van jou hou.

Kyk nou, waar ek een gevind het wat die vir pous opkom, het terselfdertyd drie hulle teen die pous uitgespreek." Dit was werklik lagwekkend. Hy het ook ou vrouens en jong meisies in die gastehuise ondervra wat hulle van die Roomse stoel dink. Omdat hulle egter nie hierdie uitdrukking geken het nie en aan hulle stoel by hulle huise gedink het, het hulle geantwoord: "Hoe kan ons weet watter soort stoele hulle in Rome het, of dit van hout of steen gemaak is?

Daarom het hy my versoek dat ek aan dit moet dink wat die vrede sal bevorder. Hy sal al die moeite doen sodat die pous dieselfde sal doen. Van my kant af het ek tegemoet komend belowe dat ek bereid is om alles te doen wat ek net enigsins kon vermag sonder om my gewete oor wat waar te belas. Ek het ook vir vrede gewens en het daarvoor moeite gedoen terwyl ek met geweld in hierdie gestryery ingetrek is, het ek alles net noodgedwonge moes gedoen het wat ek gedoen het. Dit is nie my skuld nie!"

Vertaal deur ds. PJ Kriel